# LAERSKOOL MIKRO

*... waar kind nog kind kan wees ...*

Telefoon: 021 –903 2126
E-pos: info@laerskoolmikro.co.za
Webwerf: www.laerskoolmikro.co.za

Spruitstraat
Kuilsrivier
7580

Posbus 53
Kuilsrivier
7579


4/2022

8 Februarie 2022

Geagte Ouers

PENVEERFEES

## 1. UIT DIE KANTOOR

Saam met vandag se Mikrofokus ontvang u 'n brief met inligting oor die opening van Mikro se nasorg op 5 April 2022. Daar is ook 'n afskeurstrokie onderaan die brief wat ons graag wil terughê teen Vrydag, 11 Februarie 2022.

Vanaf 7 Februarie is die 1m-reël van sosiale afstand in skole nie meer van toepassing nie. Ons is uiteraard baie dankbaar daarvoor en is besig om die nodige aanpassings daarvolgens te maak. Ons gaan ook op Vrydag, 18 Februarie 2022 begin om weer as 'n hele skool saam 'n saalbyeenkoms te hou. Op hierdie stadium wil ons eers vir die leerders (veral die huidige graad R-2 -leerders wat ons saalprosedures nog moet leer ken) geleentheid gee om daarby aan te pas. Gevolglik kan ons nog nie ouers in die saalbyeenkomste toelaat nie, maar sal u laat weet wanneer dit weer moontlik gaan wees. Dankie vir u begrip.

Daar is reeds verskeie projekte en uitdagings wat vroeg in die jaar geïdentifiseer is. Ons gee reeds aandag daaraan. Ek bring dit ook graag onder u aandag. Vir verskeie van hierdie uitdagings is daar nie in ons huidige begroting voorsiening gemaak nie en ons sal kreatief te werk moet gaan om dit aan te spreek.

- Swaar tasse van leerders
- Die swak toestand van leerders se badkamers
- Droë/dooie bome wat uitgekap en verwyder moet word omdat dit 'n veiligheidsrisiko inhou
- Herstel van spreiligte op die A-rugbyveld (veral met die oog op ons Karnaval/Musiekfees van 26 Februarie)
- Huiswerkboekies wat lostrek weens swak bindwerk
- Uitgawes wat gepaardgaan met die opening van ons nasorg

Op hierdie stadium ondervind ons heelwat uitdagings met wedstrydbepalings van sommige sportsoorte wat verander of wat ons verkeerdelik van die organiseerders ontvang. Dit kan die gevolg wees van skole wat nou weer met 'n volle buitemuurse program na byna twee jaar begin. Dit bring mee dat wedstryde dalk op kort kennisgewing gekanselleer of verskuif moet word weens omstandighede buite ons beheer. Ons doen ons uiterste bes om vir u betyds van hierdie veranderinge in te lig om die minste ontwrigting vir u te veroorsaak. Dankie vir u geduld in dié verband.

Ons het verlede week verwys na die "Story Stars"- skryfkompetisie wat deur Xia du Toit verlede jaar gewen is. Ons het ook die nuus ontvang dat Juwan Conradie (5.1) die 9de plek in die Wes-Kaap het in dieselfde kompetisie behaal het. Baie geluk, Juwan. Ons is baie trots op jou.

**FEBRUARIE DIE MAAND VAN LIEFDE, OMGEE EN VREUGDE**

Vind jou innerlike vreugde en deel dit met ander, deur ons te help om die koskas vol te maak. Bring enige nie-bederfbare produkte skool toe en sien hoe jou omgee dade liefde en vreugde in ander saai.

2. **WEDSTRYDBEPALINGS: WEEK 4: 7 tot 12 FEBRUARIE 2022**

**Krieket O/10 - O/13:**



**Woensdag, 9 Februarie 2022**

O/11C teen Gene Louw by Gene Louw om 15:00
O/11B teen Eversdal by Mikro om 15:00
O/11A teen Eversdal by Durbanville Krieketklub om 15:00

**Donderdag, 10 Februarie 2022**


Geen wedstryde vir O/13's weens Prestige Atletiekbyeenkoms.

**Mini-krieket O/7 - O/9:**

**Donderdag, 10 Februarie 2022**

Geen mini-krieketwedstryde weens Prestige Atletiekbyeenkoms.

**Tennis:**
**Woensdag, 9 Februarie 2022**



O/14A Seuns teen Durbanville by Mikro om 17:00
O/14B Seuns teen Eversdal by Mikro om 16:00
O/14C Seuns teen Kenridge by Kenridge om 16:00

O/14A Dogters teen Gene Louw by Mikro om 16:00
O/14B Dogters teen Eversdal by Mikro om 14:45
O/14C Dogters teen Kenridge (**GEKANSELLEER – Kenridge onttrek uit liga**)

O/11A Seuns teen Durbanville by Mikro om 17:00
O/11B Seuns teen Boston **(GEKANSELLEER deur Boston)**

O/11A Dogters teen Eversdal by Eversdal om 15:30

**LET WEL!! GEEN BUITEMUURS Do. 10 Feb. 2022:**

Daar sal op Do. 10 Feb. **geen** buitemuurse aktiwiteite plaasvind nie. Dit is weens die Prestige Atletiekbyeenkoms wat Laerskool Mikro aanbied en alle personeel is betrokke as beamptes.

**Atletiek:**

**Donderdag, 10 Februarie 2022**

Prestige Atletiekbyeenkoms te Laerskool Mikro. Atlete wat deelneem, het reeds briewe ontvang.

**Vrydag, 11 Februarie 2022**

Kuilsrivier Kring atletiekbyeenkoms vir velditems te Laerskool Mikro. Atlete wat deelneem, het reeds briewe ontvang.

**Saterdag, 12 Februarie 2022**

Kuilsrivier Kring atletiekbyeenkoms vir baanitems te Western Cape Sports School. Atlete wat deelneem, het reeds briewe ontvang.

***HIERDIE PROGRAM IS ONDERHEWIG AAN VERANDERINGE / KANSELLASIES***

Voorspoed aan almal vir die week.

L.C. Mouton
**SKOOLHOOF**

INTERNET PROUDLY SPONSORED BY:
coolideas
FIBRE INTERNET
VUMA







Kaartjies te koop by Tannie Wilma vanaf 08:00 tot 14:30 (Maandae – Vrydae)
OF
Aanlyn by Computicket

# Kermis Connect

**4 - 6 Maart**

## PROGRAM

Nooi jou vriende en familie en kom kuier saam by KermisConnect

### Vrydag 4 Maart

TYD: 17:00 tot laat

TEMA: 60's DINER

PIZZA, BURGERS & CHICKEN WINGS

IETS TE DOEN vir oud en jonk

DISCO (10+), DIY & DEMO KLASSE, KINDERSPELETJIES

TREK VOLGENS TEMA AAN: KOM NEEM FOTOS IN ONS FOTOHOEKIE EN STAAN 'N KANS OM 'N PRYS TE WEN

### Saterdag 5 Maart

TYD: 08:00 tot 13:00

ONTBYT

KERMIS TAFELS met POEDING, PANNEKOEK, ROOSTERKOEK, POTJIEKOS en VELE MEER

HEERLIKE MUSIEK

DIY & DEMO KLASSE

KINDERS SE GUNSTELING KERMIS SPELETJIES MET 'N VERRASSING OF TWEE

### Sondag 6 Maart

TYD: 09:00 DANK DIENS met kore wat optree

DINER met KOFFIE EN DEKADENTE LEKKERNYE na die diens

Langverwacht pad, Kuilsrivier * Tel: 021 903 3095

Email: bespreek@suidkerk.org.za

# Kermis Connect

**4 - 6 Maart**

## HEERLIKE ETES

Nooi jou vriende en familie en kom kuier saam by KermisConnect

### Vrydag 4 Maart

PIZZA - eat as much as you like........................................R 70.00
Hamburger & Chips ........................................................R 50.00
Chicken Wings & Chips ...................................................R 45.00
Family Combo*4 Hamburgers & Chips + 4 Koeldranke..R 180.00

** Take away opsie vir Hamburgers en Chicken Wings**

### Saterdag 5 Maart

ONTBYT.......................................................................R 65.00
ROOSTERKOEK (plain).................................................R 12.00
(konfyt)...........................................................R 17.00
(150g pattie & garnish)........................R 50.00
HOENDER POTJIE.........................................................R 65.00

Bespreek NÓU al jou ete om teleurstelling te voorkom

Bestel via Whatsapp by 061 522 9632 of op ons aanlyn winkel

Navrae e-pos: bespreek@suidkerk.org.za

Vele meer heerlike eetgoed beskikbaar op 5 Maart

Kom Connect weer met jou

# Laerskool Mikro sê Baie Dankie!

Antoinette estates | eiendomme
Office 021 903 0160 | Mobile 084 778 4444 | Email sean@antoinetteestates.co.za
Contact us for all your property related services!

Antoinette Eiendomme: Borg van die Krieketklere vir hierdie seisoen.

Ipic Shopping Centre Soneike

PENVEERFEES

Ipic Soneike:
Borgskap ten bate van die PENVEERFEES.




## Hulp met Huiswerk

Afgetrede oud-onderwyseres

Ekstra Wiskunde & Tale hulp

Ek kan die leerder(s) in die gerief van jou eie huis kom help.

Graad 1 tot 4-leerders
Skakel **Charmaine Simons** by **072 236 8273** vir verdere inligting.






## OWO – KLEREKAS

Die OWO-klerekas sal op die volgende datums en tye beskikbaar wees vir die aankoop van TWEEDEHANDSE SKOOLKLERE.

Dinsdag, 1 Maart 2022 vanaf 17:00 – 19:00
Dinsdag, 5 April 2022 vanaf 17:00 – 19:00

Skenkings kan ook asseblief op hierdie datums afgegee word.

MAAK ASB. VAN DIEDRIKKIESTRAAT-INGANG GEBRUIK.

Vir enige navrae kontak gerus vir Malanie Otto 084 359 4007



MIKRO O.W.O OUERS WAT OMGEE

**Tel: (021) 903 5101 : www.elto-towers.co.za**




### *Kontant Terug Persentasies*

| | |
|---|---|
| Caltex Vulstasie | 10c per liter kontant terug |
| Kroonplaas Restaurant | 2% |
| Patriot Koffie | 5% |
| Caresso Karwas | 5% |
| OK Foods/Liquor | 1% |

**Van Riebeeckweg 2**
**KUILSRIVIER**
**7580**

**Tel: (021) 903 5101 : www.elto-towers.co.za**